# OFFICIAL GAZETTE
## EXTRAORDINARY
## OF SOUTH WEST AFRICA
## BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
## VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

10c | Tuesday 20 December 1977 | WINDHOEK | Dinsdag 20 Desember 1977 | No. 3681


CONTENTS: Page

PROCLAMATION:


No. AG. 18 Executive Powers (Agricultural Economics and Marketing) Transfer Proclamation, 1977 1


# PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 7 December 1977)*

No. AG. 18 1977

## TRANSFER OF ADMINISTRATION OF DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING TO THE ADMINISTRATOR-GENERAL

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN

Administrator-General Windhoek, 9 December 1977

SCHEDULE

*Definition*

1. (1) In this Proclamation "General Proclamation" means the Executive Powers Transfer (General Provisions) Proclamation, 1977 (Proclamation No. AG.7 of 1977).

(2) A reference in this Proclamation to any particular law, shall be construed as including a reference to a regulation, rule or other enactment made under or relating to that law.

INHOUD: Bladsy

PROKLAMASIE:


No. AG. 18 Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Landbou-ekonomie en -bemarking), 1977 1


# PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident geodgekeur op 7 Desember 1977)*

No. AG. 18 1977

## OORDRAG VAN ADMINISTRASIE VAN DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING AAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN

Administrateur-generaal Windhoek, 9 Desember 1977

BYLAE

*Woordomskrywing*

1. (1) In hierdie Proklamasie beteken "Algemene Proklamasie" die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Algemene Bepalings), 1977 (Proklamasie No. AG. 7 van 1977).

(2) 'n Verwysing in hierdie Proklamasie na 'n bepaalde wet word uitgelê as 'n verwysing ook na 'n regulasie, reël of ander maatreël wat kragtens daardie wet gemaak is of daarop betrekking het.

*Transfer of administration of Department of Agricultural Economics and Marketing*

2. Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law but subject to the provisions of this Proclamation and the General Proclamation, the administration of the affairs of the territory in relation to any matter which at the commencement of this Proclamation is administered by the Minister of Agriculture in the Department of Agricultural Economics and Marketing of the Republic, shall be carried on by the Administrator-General.

*Application of laws*

3. (1) The prvisions of subsection (1) of section 3 of the General Proclamation shall, without detracting from the provisions of subsection (2) of that section, not apply to —

(a) the reference to the Republic in section 13 of the Dairy Industry Act, 1961 (Act 30 of 1961);

art 13 Prok. 41/78

(b) those provisions of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), that relate to ~~the Karakul Scheme and~~ the Wool Scheme published under the Marketing Act, 1968, by ~~Proclamation R. 172 of 1968 and~~ Proclamation R. 155 of 1972, ~~respectively~~.

(2) Notwithstanding the provisions of section 3(2)(b) of the General Proclamation, the reference to the Minister of Agriculture in sections 3(1)(c) and (e) and 46(j) and (l) of the Abattoir Industry Act, 1976 (Act 54 of 1976), and in those provisions that relate to the control of the powers, functions and duties of the National Marketing Council and the Agricultural Reference Board, shall be construed as a reference to the Administrator-General.

*Short title*

4. This Proclamation shall be called the Executive Powers (Agricultural Economics and Marketing) Transfer Proclamation, 1977.

*Oordrag van administrasie van Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking*

2. Ondanks andersluidende bepalings van enige ander wet maar behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie en die Algemene Proklamasie, word die administrasie van die sake van die gebied met betrekking tot 'n aangeleentheid wat by die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie deur die Minister van Landbou in die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking van die Republiek geadministreer word, deur die Administrateur-generaal behartig.

*Toepassing van wette*

3. (1) Die bepalings van subartikel (1) van artikel 3 van die Algemene Proklamasie is, sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van subartikel (2) van daardie artikel, nie van toepassing nie op —

(a) die verwysing na die Republiek in artikel 13 van die Wet op die Suiwelnywerheid, 1961 (Wet 30 van 1961);

(b) daardie bepalings van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), wat betrekking het op ~~die Karakoelskema en~~ die Wolskema kragtens die Bemarkingswet, 1968, by, ~~onderskeidelik, Proklamasie R. 172 van 1968 en~~ Proklamasie R. 155 van 1972 gepubliseer.

(2) Ondanks die bepalings van artikel 3(2)(b) van die Algemene Proklamasie word die verwysing na die Minister van Landbou in artikels 3(1)(c) en (e) en 46(j) en (l) van die Wet op die Abattoirbedryf, 1976 (Wet 54 van 1976), en in daardie bepalings wat betrekking het op die beheer oor die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die Nasionale Bemarkingsraad en die Landbouverwysingsraad, uitgelê as 'n verwysing na die Administrateur-generaal.

*Kort titel*

4. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Landbou-ekonomie en -bemarking), 1977.

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika